DIE GROOT OPDRAG!

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

'N VARS NUWE DENKE OOR GEMEENTEWEES! (DEEL 7)

© KOPIEREG 2010

ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS
ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Wel, ons is nou klaar met die vyftien paradigmas wat eintlik net ‘n ontleding van ons huidige situasie is. Dit is belangrik om te besef dat die Vader ons nie tot ‘n ontleding van die situasie geroep het nie, maar om die oplossing van die probleem te wees. Die ontleding van die situasie is beslis nie die oplossing nie. Die vraag uit die diepte van my wese aan jou is nie of jy met die ontleding saamstem nie, maar of jy al die oplossing lewe. Daar is te veel mense wat Sondae by die huis sit en dink hulle is die oplossing vir die kerk. Die vraag is nie of jy weet wat verkeerd is nie, maar of jy ‘n werkbare alternatief het wat jyself alreeds beoefen. As jy nie reeds besig is om ‘n werkbare alternatief toe te pas nie, beter jy sorg dat jy maar vir eers bly by die vorige, “onvolkome” manifestasie van gemeentewees. Moet nooit jou wortels afskiet en moet nooit eenkant gaan sit nie. Gemeentewees is ‘n dinamiese, pro-aktiewe staat en daar is geen plek vir kritiese kantlynsitters nie!

Ons praat hier oor die liggaam van Christus, oftewel die bruid van Jesus Christus. Wees versigtig hoe jy die bruid behandel en oor haar praat, want jy sal jouself een of ander tyd in die bruidegom vasloop! Dit is nou tyd om pro-aktief aan ‘n oplossing te bou, maar om dit te doen moet ons baie eerlik met onsself wees oor die stand van sake. Die Vader kan jou nie help om jou gemeentelewe reg te help as jy nie eerlik genoeg kan wees voor Hom oor die ware toedrag van sake nie. My ervaring is dat gemeenteleiers baie sukkel om eerlik te wees en dikwels in “denial” of ontkenning leef. Dit moet mos altyd goed gaan en ons praat alles wat ons doen so goed dat ons dit later self glo! Eerlikheid is die eerste stap tot nederigheid. Kom ons wees ‘n slag eerlik voor ons Vader oor die stand van ons eie gemeentelewe.

DIE GROOT OPDRAG!

Voordat ons aan ‘n oplossing begin werk, moet ons eers perspektief kry op die opdrag van Jesus aan sy dissipels. Hierdie groot opdrag vind ons in Matt.28:18-20:

“En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.”

7.1) DIE AGTERGROND

Die agtergrond of konteks van hierdie teksgedeelte is baie belangrik vir die verstaan van die impak van Jesus se woorde. Hierdie gesprek vind plaas na die opstanding van Jesus uit die dode, wat die grootste oorwinningsgeleentheid van alle eeue was. Jesus het op aarde verskyn en vir Hom dissipels gekies wat Hy grootgemaak het. Hulle was vreeslik opgewonde oor hulle posisie saam met Jesus wat die wêreld verander het met al Sy woorde en wonderwerke. Toe die kruis naderkom, het hulle drome vir wêreldoorwinning skeefgeloop en selfs uitmekaargeval, want die pad van die kruis was ‘n vernederende pad. Hulle het nie dit verwag nie. Om alles te kroon, sterf Jesus toe aan die kruis en verpletter sodoende al hulle drome van heerlikheid op aarde.

Skielik is die opstanding daar en Jesus verskyn aan sy dissipels. Dit vat hulle ‘n geruime tyd om tot verhaal te kom en te verstaan dat die plan tot wêreldheerskappy nie geflop het nie, maar op ‘n heel ander manier weer na vore gekom

het. Die vraag was egter hoe dit verder sou werk? Tot hulle groot skok besluit die groot Heerser om nie op aarde te bly nie, maar terug te gaan na Sy Vader en die hele taak van wêreldheerskappy net so aan die ongeveer 120 dissipels oor te laat. Dit is nie so eenvoudig nie! Die plan sou moes uiteengesit word, en hiervoor nader Jesus Sy dissipels met Sy laaste woorde op aarde voordat Hy vertrek. Hierdie woorde is nie net van belang omdat dit Sy laastes was nie, maar bevat ook die plan en enigste opdrag vir alle gelowiges op aarde totdat Hy weer kom. Jesus se laaste woorde sê ook vir ons wat was die belangrikste ding op Sy hart wat Hy gedoen wou hê. Dit is so belangrik dat Hy dit nie as ‘n finale gedagte vir oorweging deurgee nie, maar as ‘n finale opdrag! In die lig hiervan kyk ons nou in diepte na die inhoud van die teksgedeelte:

7.1.1) “*En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê:*” Die persoon aan die woord hier is Jesus, wat na die opstanding die Koning van alle konings is en die oorwinnaar van alle demoniese magte. Die eienaar van die wêreld, met alle voorsiening tot Sy beskikking, is hier aan die woord. Dit is heelwat meer as maar net die Amerikaanse president wat hier aan die woord is. Die oppergesag van die heelal praat hier en dit bring mee dat die *mandaad* van hierdie woorde so geweldig is. Hierdie woorde en opdrag word gerugsteun deur die finale gesag van die heelal. ‘n Mandaat dui die grootte aan van die gesag agter die opdrag. Het die skoonmaker, jou pa of die president dit gesê, of het die Here dit self gesê? Soos in Jesus se hele sending na die aarde is Hy die een wat “nader kom”, die afstand oorbrug en in die mense se teenwoordigheid in beweeg.

7.1.2) “*Aan My is gegee alle mag (gesag) in die hemel en op aarde.*” Hierdie is nie ‘n geskenkie wat Jesus langs die pad van sy Vader ontvang het nie. Nee, Hy het dit self

verdien met sy eie bloed en lewe! Weens Sy verlossingswerk is Hy nou die finale gesag in hemel en op aarde. Hierdie saak is so omvangryk dat dit beskryf word as “alle” gesag in alle sfere van die heelal! Hierdie gesag is aan Hom gegee en sal nie weer uit sy hande geneem word nie! Dit is nou vir ewig so!

7.1.3) “*Gaan dan (daarom) heen*.” Die Engels sê “therefore go”. Weens die voorafgaande uiteensetting van wie met hulle praat en die grootheid van die mandaat daaragter, is daar nou net een logiese uitvloeisel en dit is “gaan!” Jesus het self op ‘n missie van die Vader af gekom om die wêreld te verlos en hulle te vertel van die goeie nuus van die Vader se liefde vir hulle. ‘n Nuwe bedeling het nou in die wêreld aangebreek. Nou is dit nie meer net Jesus wat gaan nie, maar almal wat ook by Hom aangesluit het, het dieselfde opdrag om te gaan en dissipels te maak. Jesus het nooit gesê “kom hiernatoe en kom sluit hier aan nie”. Hy en sy dissipels was altyd besig om te gaan en dit is die grootste faktor wat enige gemeente lewendig hou en keer dat dit nie stagneer nie! Ons nooi voortdurend die mense na ons wêreld, want dit is vir ons ongemaklik in hulle wêreld. Ons verstaan nie mooi hoe ongemaklik dit vir die ongelowige in ons wêreld is nie. Dit is ‘n feit dat jy niks staties en uiterlik kan bou met mense wat altyd aan die beweeg is en besig is om te gaan is nie. Hedendaagse gemeentewees het heeltemal staties geraak omdat ons die ‘gaan’ lewensstyl lankal afgeleer het. Die ergste is dat ons die “gaan boodskap” preek, maar die samestelling van die gemeente infrastruktuur verhoed en ontmoedig ons om te gaan. Die gemiddelde gemeente kan nie voortbestaan as almal sal gaan nie!

7.1.4) “*maak dissipels*” Hierdie is die hoofwerkwoord in die hele gedeelte. Dit is die kern van die saak en die hoofsaak waaroor alles gaan. Al die ander werkwoorde is uitvloeisels

van die een. Daar was net een opdrag aan die gemeente gegee en dit was om dissipels te gaan maak. Enigiets anders sal sekondêr wees in die proses. Hoe groter die gesag, hoe belangriker is dit wat die gesag te sê het en moet dit in noukeurigheid en presisie uitgevoer word. Die meeste gemeenteleiers weet nie eers presies wat dissipelskap is nie, wat nog van hoe om dit te doen! Onthou wat ons alreeds gesê het dat die planting van gemeentes en oprigting van uiterlike infrastruktuur nooit ‘n opdrag was nie, maar wel ‘n nodige hulpmiddel. Indien iets ‘n hulpmiddel is, sal dit nooit die meeste tyd, energie en geld in beslag neem nie. Gemeenteplanting was nooit ‘n opdrag of doel in die Woord nie, want gemeentewees is ook net ‘n middel tot ‘n doel. Die doel is om te gaan en die koninkryk op aarde te vestig!

7.1.5) “*van al die nasies*,” Jesus het na 120 mense toe gegaan en die opdrag aan hulle gegee om ALLE nasies te dissipel. Indien dit nie moontlik was nie, sou Hy dit ook nie gegee of verwag het nie! Die opdrag is om alle nasies op aarde nie net na die Here toe te lei nie, maar te dissipel terwyl die aarde bestaan. Alle nasies moet nie net bereik word nie, maar ten volle gedissipel word. Die opdrag moet nog in hierdie bedeling uitgevoer word deur die huidige gelowiges. Hoe onbeskryflik hierdie taak ookal klink, as Jesus gesê het alle nasies, bedoel hy letterlik alle nasies. Die taak is nie so groot as wat ons maar net met ons eie dinge besig is en nie die taak van dissipelskap nie. In Jes. 60:22 – “Die kleinste sal ‘n geslag word en die geringste ‘n magtige nasie. Ek, die HERE, sal dit op die regte tyd gou laat kom.” Elke gelowige se erfporsie is ten minste een nasie op aarde. Laat ons opstaan en dit in besit neem!

Jesus het in hierdie konteks met Jode gepraat, en die ‘alle nasies’ was almal behalwe die Jode, naamlik heidene. Die heidene was in die konteks van die Jode vuil,

minderwaardige, lae klas mense. Tog het die Vader almal ewe lief. Daar is 16 350 etniese groepe vandag in die wêreld waarvan 6 642 nog steeds onbereik is. Dit beteken die evangelie het hulle nog steeds nie bereik nie en hulle is nog geensins gedissipel nie! Tog is daar 600 gemeentes, oftewel 60 000 gelowiges, om elkeen van hierdie groepe te bereik. Die enigste probleem is dat dit nie gebeur nie, want die lewenswyse van die gelowiges is nie om te dissipel nie! Statistieke toon dat die gemiddelde gelowige wêreldwyd nie een hoofstuk Woord per dag lees nie en ook nie een persoon per jaar dissipel nie! Nou verstaan ons hoekom die werk nie gedoen kom nie. Die gelowiges is so besig met programme, boeke, cd's en televisie, dat daar beslis nie tyd oor is vir die Woord en dissipelskap nie! Indien elke gelowige op aarde net een persoon per jaar sou dissipel, sal dit ons 4-6 jaar maksimum neem om die hele aarde te dissipel. Weereens, is ons eerlik genoeg met onsself om te erken waarom dit nie gebeur nie?

7.1.6) "*en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*;" Die doop is deel van die proses van dissipelskap. Dit is nie maar net 'n ritueel nie, maar 'n publieke getuienis dat die gedoopte nie meer deel van hierdie wêreldorde is nie, maar deel van God se koninkryk geword het. Daarom word hulle gedoop in die NAAM van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Ons verteenwoordig nou God drie-enig, dra Sy naam, Sy gesag en is deel van Sy missie om die wêreld te dissipel. Ons is nie meer deel van ons eie lewe en ons eie program nie, maar deel van die program van die koninkryk wat 'n gedissiplineerde lewe lewe en wat ten doel het om alle nasies te dissipel.

7.1.7) "*en leer hulle om alles te onderhou (te gehoorsaam)*" Dit is van uiterste belang om te besef dat die uiteindelike doel van dissipelskap gehoorsaamheid is. Mense moet

gedissipel word tot gehoorsaamheid en nie tot ‘n lekker tyd, tot nuwe teologie of tot die bywoning van dienste nie! Gehoorsaamheid het ‘n skaars woord en term in die gemeentes geword, en baie leiers skaam hulleself om die woord te gebruik, want dit maak die mense ongemaklik en mag wetties klink. Gehoorsaamheid is nie teen genade nie, want genade het volkome gehoorsaamheid moontlik gemaak! Dit is die mens wat afgewyk het van God se orde en dit is die mens wat moet terugkeer na die orde van die koninkryk. Jesus is nie net ons Verlosser nie, maar ook ons Here en verwag daarom dat ons gehoorsaam sal wees! Die enigste ware teken van geestelikheid is gehoorsaamheid. Die rede hiervoor is dat die mens se siel uit ‘n wil, verstand en emosie bestaan, waarvan die wil die beherende een met die laaste sê is. Iemand is eers waarlik gedissipel indien sy wil onderworpe is aan die Vader se wil. Mense kan lekker belewenisse in hulle emosie hê, allerhande nuwe teologieë navors, en steeds besluit om nie daarvolgens te lewe nie. In ware dissipelskap het ons die emosie en verstand ook nodig, maar as dit nie deurgewerk het na die wil toe ook nie, het die proses nie sy einddoel bereik nie. Laat ons eerlik teenoor mekaar raak oor ons gehoorsaamheidsvlak teenoor Jesus in ons lewens!

Die gedeelte is ook duidelik dat ons mense moet LEER om gehoorsaam te word. Wat ookal ons definisie van lering is, die eindproduk moet ‘n persoon wees wat die Woord ken, dieselfde lewe as Jesus lewe en ander mense daartoe lei om dit ook te doen. Ek wil nie met mense baklei oor wat ons onder lering verstaan nie, want die leraars is baie sensitief oor wat en hoe hulle die mense leer. Ek is self ‘n leraar en weet dat mense geleer moet word, maar kan jou verseker dat die Griekse model van een persoon wat alleen praat met al die ander as toeskouers, nie so effektief is om mense te dissipel in ‘n nuwe lewensstyl nie. Daar is by geleentheid definitief plek daarvoor, maar dit lei nie tot ‘n

liggaamsbeweging waar almal uitgaan en dissipel nie. Ons het dit ook al duidelik gemaak dat lering in die Hebreeuse konteks baie meer ‘n werkswinkel gedagte is en gewoonlik plaasgevind het in persoonlike mentorskap! Daar is geen rede om oor die saak te stry nie. Vra net jouself af hoeveel mense soos Jesus begin lewe het nadat jy met hulle klaar was? Dit wat ons skryf is nie die alfa en omega nie, en elke persoon moet uiteindelik sy eie bedieningsstyl bepaal.

7.1.8) “*wat Ek julle beveel het*.” Jesus stel dit hier baie duidelik dat dit Sy bevel was dat alles gehoorsaam moet word wat Hy beveel het. Indien jy iets beveel, bedoel jy die saak baie ernstig, anders sou jy dit net gesê het. Dit wat Jesus gebring en gesê het, is nie ‘n opsie nie, maar ‘n bevel om te gehoorsaam. Ek kry dikwels die gevoel ons preek vir mense sodat hulle al die opsies kan ken waartussen hulle kan kies. Alhoewel die mens ‘n vrye keuse het, is daar geen opsie op die tafel nie. Jy is God se eiendom en Hy het net een weg gegee waarvolgens jy moet lewe. God werf jou nie vir Sy koninkryk nie. Hy beveel jou om te gehoorsaam en daarvolgens te lewe! Hy weet daar is geen ander weg wat goed is nie en het alle mag en gesag om dit te sê. Dit is omdat predikers nie self onder die gehoorsaamheid van die evangelie lewe nie, dat die skerpte van hulle evangelie ook vervaag het! Wat God beveel het, is ‘n bevel vir almal en moet onder alle omstandighede uitgevoer word! Die Opperbevelvoerder het gepraat en ons moenie mense geleentheid gee vir “blameshifting” of murmurering oor hoe swaar die lewe is nie. Daar is nie plek daarvoor in God se weermag nie. Ons huidige kerkwees het ons sag gemaak, lekker kussings gegee en ons geleer dat God ons gemaklik wil laat lewe met alles wat lekker is rondom ons. Ons is deel van ‘n weermag wat nie geroep is om oorlog te gaan maak nie, want die oorlog is lankal klaar gewen, maar om uit te gaan en die oorwinning te proklameer aan alle nasies. Ons

is mense met ‘n taak wat ten alle koste uitgevoer moet word!

7.1.9) “*En kyk (behold), Ek is met julle*” Die Evangelie van Mattheus begin met die openbaring van die Naam van die Seun van God, naamlik, Immanuel, wat beteken “God met ons”. Die evangelie van Mattheus word afgesluit met die boodskap “en kyk, Ek is met julle”. Aan die einde van Esegiël word God se naam ook deurgegee as Jahweh Shammah, wat beteken “God is in ons midde”. God het dus twee verskillende name met dieselfde betekenis. Die rede daarvoor is dat Hy die betekenis van daardie name as ‘n baie belangrike boodskap ag in die hele heilsgeskiedenis op aarde. Hy weet dit gaan nie ‘n maklike taak en weg wees nie, maar een ding is verseker. Hy is al die pad met ons! Die gedagte word versterk deur die inleiding, “en kyk”. Dit beteken kyk stip daarna tot jy die volle konsekwensie daarvan verstaan en jy absoluut oortuig is daarvan. Moenie die werk probeer aanpak sonder die ondersteuning van die versekering dat Hy al die pad daar sal wees nie!

7.1.10) “*al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*” Hierdie versekering van Jesus se teenwoordigheid is nie net vir ‘n tydjie nie, maar elke dag tot aan die voleinding van die wêreld! Beter as dit kan jy nie kry nie. Dit plaas ons in ‘n situasie waar ons geen rede het vir mislukking en geen verskoning dat die taak nie afgehandel word nie! Die verantwoordelikheid lê nou by ons om eenvoudig die taak gefokus op te neem en dit te volbring! Die Groot Opdrag is beslis nie onduidelik nie. Die gemeentes het langs die pad egter so besig geraak met gemeentebou dat die hulle hul eie bestaansreg verloor het. Die gemeente as middel het so ons fokus geword dat ons heeltemal van die doel vergeet het waarvoor die gemeente bestaan.

7.2) HOEVEEL MENSE IS NOG STEEDS ONBEREIK IN DIE WêRELD?

(These figures come from www.joshuaproject.net)

	Peoples-by-Country	Individuals
Global Total	16,350	6.70 billion
Unreached / Least-Reached	6,642	2.75 billion
% Unreached / Least-Reached	40.6 %	41.0 %
10/40 Window Total	8,619	4.42 billion
10/40 Window Least-Reached	5,710	2.67 billion
10/40 Window % Least-Reached	66.2 %	60.4 %
		Count
Affinity Blocs		16
People Clusters		251
Peoples Groups (without reference to Countries)		9,803
Unreached Peoples Groups (without reference to Countries)		4,073
Countries		236
Languages		6,510

Challenging Mission Facts

• Of the 16,350 people groups by country, 6,642 are still considered unreached.

• 9,708 people groups by country are not considered Least-Reached, totaling 3,950,831,000 individuals, or about 59% of the world's population.

• Of the 16,350 total people groups, 6,642 are identified as Least-Reached using Joshua Project criteria, totaling 2,747,244,000 individuals. Of these 6,642 groups, 5,710 are in 10/40 Window countries. That means 86% of all unreached people groups are in the 10/40 Window.

• 932 of the Least-Reached groups are NOT in the 10/40 Window, totaling

75,050,000 individuals. These groups are relatively accessible to the Good News of the Gospel.

• Of the 6,642 Least-Reached people groups, about 3,457 (52%) are small groups under 10,000 in population (or population unknown) and all these groups total less than 8,000,000 individuals. Of the remaining 3,185 least-reached groups, about 1,292 are under 50,000 in population. That leaves 1,893 Least-Reached groups 50,000 and over in population. A vibrant church in a large group may take the gospel to a number of smaller satellite people groups that have ethnic similarities.

People Group Facts

• The traditional way missiologists identify people groups is by counting each group once per country of residence. There are 16,350 People-in-Country Groups, of which 6,642 are considered unreached. Joshua Project data also allows a view of people groups without reference to country boundaries where ethnicities are counted only once. There are 9,803 ethnic people groups (without reference to countries) identified in the Joshua Project database with 4,073 considered unreached.

• There are 8,007 people groups with fewer than 10,000 individuals; in addition there are 655 for which no population has been reported (but the population is probably small). For all these small groups, the total number of individuals is less than 22,000,000, meaning that 53% of the 16,350 people groups contain only a tiny fraction of the world's population.

• The largest least-reached group is the Japanese, with over 120,000,000 individuals.

• The Mandarin Chinese is the largest people group, being in 82 countries with a total of about 800,000,000 individuals, and with 783,000,000 of those in China.

• Jews are found in 126 countries, Arabs in 130 countries, and Chinese groups in 127 countries.

• India has the largest number of ethnic people groups with about 2,500 in the Joshua Project database. (The number of people groups in India

varies greatly depending on the researcher and how the term "people group" is defined. On a pure linguistic basis there are about 330 to 350 "people groups" in India. Other lists may treat certain sub-groups as full people groups, raising the totals for India. For further information, see the ethno-linguistic vs. ethnic discussion on the definitions page.

• Papua New Guinea is the runner-up in number of people groups, at 878. Interestingly, the largest group of these 878 has only 816,000 in population. The total population of the country is only 6,460,000, yet there are nearly 900 people groups. Indonesia (768) and Nigeria (521) follow Papua New Guinea.

• On the other end of the spectrum, South Korea only has seven people groups, with a country population of 48,400,000.

• There are 988 languages/dialects spoken in Papua New Guinea. There are only 37 languages/dialects spoken in Japan, which has a population over 25 times as large as Papua New Guinea. The diversity of Papua New Guinea and the homogeneity of Japan!

• In India, one people group (the Gond) speaks 96 languages. 1,656 groups (out of the total of 2,500) speak more than one language.

• Of the 16,350 people groups in the Joshua Project database, 19% speak more than one language ignoring dialects, and 27% if dialects are included.

• One people group in India (Nai), has 70 alternate names. 9,000 of the over 16,000 total peoples-by-country have more than one alternate people name.

Language Facts

• There are approximately 6,900 total languages in the world, about 400 of which are considered "nearly-extinct" per the Ethnologue. Approximately 2,500 languages have some or all of the Bible.

• Of the world's approximately 6,900 languages, 4,685 have at least one

of the following: Bible portions, the Jesus Film, Christian radio, or Gospel recordings. Total speakers of these languages is 6,200,000,000, or over 95% of the world's population.

• About 4,400 languages are without Scripture portions available, with some 634,000,000 speakers. Translation projects are in progress in an estimated 1,600 languages that currently are without adequate Scriptures. There are about 2,500 languages needing Bible translation work to begin.

• There are 2,256 languages with the Jesus film available, 0 with Gospel radio available, and 4,675 with Gospel recordings available (plus approximately 2000 language recordings that have not had Ethnologue codes assigned yet). 2,215 languages have none of these resources available, with about 195,000,000 speakers.

• 90% of the world's people, if they have an internet cafe and the funds, can hear the gospel in a language they understand.

• There is a 90% chance that a foreign Christian meeting a non-believer overseas could find a gospel recording on-line and give it as a gift to any non-believer they meet and it would be understood.

• Only 3% of the world's people speak a language that does not yet have a Gospel recording.

• About 40% of the world's language groups (divided by country) still do not have any Gospel recording in their language (approximately 4100 total language groups when divided by country.)

Religion Facts

• 3,317 groups are primarily Muslim, totaling nearly 1,476,000,000 individuals.

• 2,535 groups are primarily Hindu, totaling about 987,000,000 individuals.

• 573 groups are primarily Buddhist, totaling nearly 619,000,000 individuals.

• Of the world's 16,350 ethnic people groups by country, 6,714 (41%) are primarily Christian, totaling over 2,271,000,000, or nearly one third the world's population.

• Of 236 total countries, 169 (72%) are Christian-majority countries. Total population for these countries is 2,517,000,000.

7.3) DAAR IS ‘N SEëN IN DISSIPELSKAP!

Ek glo dat as gemeentes met dissipelskap besig raak, die mense in ons land gedissipel sal raak en ons land weer die seën sal beleef wat ons eiendom is in die geestelike sfeer. Dan sal waar word van Suid-Afrika wat hierdie volgende teksgedeelte sê:

Jes.60:18-22 “Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie—van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heil noem en jou poorte Lof. Die son sal bedags jou lig nie meer wees nie, en as glans sal die maan vir jou geen skynsel gee nie; maar die HERE sal vir jou wees ‘n ewige lig, en jou God sal jou sieraad wees. Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie; want die HERE sal vir jou wees ‘n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby. En jou volk sal almal regverdiges wees, vir ewig sal hulle die land besit—as lote deur My geplant, ‘n werk van my hande, tot my verheerliking. Die kleinste sal ‘n geslag word en die geringste ‘n magtige nasie. Ek, die HERE, sal dit op die regte tyd gou laat kom.”

OPSOMMING

1) Die ontleding van die probleem is nie die oplossing van die probleem nie.

2) Daar is geen sin daarin om alles rondom jou af te skiet, maar jy het self geen oplossing wat enigiets beters produseer nie.

3) Die groot opdrag om dissipels te maak was die enigste direkte opdrag van Jesus aan Sy dissipels.

4) Hierdie opdrag was deur Jesus gegee na Sy opstanding waar Hy die oppergesag in die heelal geword het.

5) Jou mandaat as gelowige word bepaal deur die gesag van die persoon wat die opdrag aan jou gegee het.

6) Ware bediening het altyd die dimensie om te gaan, uit te breek en te vermeerder. Ons word nooit genooi om by ‘n gemeente aan te sluit nie, maar by ‘n sending!

7) Jou aanneming van Jesus maak jou deel van ‘n gemeente. Dit is net jou afspringplek om jou missie uit te voer.

8) Die gemeente het nie ‘n sending of ‘n departement van sending nie, want die gemeente is die sending!

9) Ons moet mense dissipel tot gehoorsaamheid en nie tot kerklidmaatskap of nuwe teologie nie!

10) Dit is moontlik om alle nasies op aarde te dissipel!

11) Jesus se opdrag is nie opsioneel nie, dit is ‘n bevel!